

10 September
-12

Deuteronomium 32:9

(Teks:32:11) Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop

Die manier waarop die Here met sy kinders werk, lyk soms wreed. Sy handelswyse is egter dikwels soos dié van 'n arend met sy kleintjies.

'n Arend maak sy nes teen hoë kranse bo diep afgronde. Daar versorg hy sy kleintjies. Maar as die kleintjies se vlerke vlieg lengte bereik het, skop hy hulle uit die nes... die duiseligwekkende dieptes in. Dit lyk baie wreed, maar so leer die kleintjies om te vlieg.

Hier het ons 'n aangrypende beeld van hoe God soms met sy kinders werk. Op 'n bepaalde oomblik word ons uit ons beskutte en sorgelose bestaan gestamp... en vanweë een of ander krisis tuimel ons die dieptes van beproewing in! Skielik word ons gedwing om ons geloofsvlerke te gebruik. Dit lyk wreed, maar so voed die Here sy kinders op in die geloof.

En as dit dan voel asof ons geloofsvlerke ons nie meer kan dra nie, kom die Here ons red, soos die arend sy kleintjies. Die arend hou sy kleintjies met sy arendsoë dop. Wanneer 'n kleintjie moeg gespartel is, vlieg die arend onder die kleintjie in en dra dit weer na veiligheid. So dra God ons, na 'n geloofsworsteling, met 'n versterkte geloof na vastigheid.

In Jesus Christus kom God met sy draende vlerke van genade onder ons in. Hy keer dat ons ons te pletter val. Deur sy Gees versterk Hy die vlerke van ons geloof. Hy laat ons nooit in die steek nie. Juis wanneer die afgrond van beproewinge of van die dood verbysterend diep onder ons gaap, is Hy by ons met sy bewarende en sorgende liefde. Na so 'n geloofsworsteling bring Hy ons by vastigheid en uiteindelik by die ewige rus.

Sing Psalm 73:10

Dr. FP. Viljoen (George)